Kuier -en - Kersmark

Kuier & kersmark

Weer eens BAIE DANKIE aan elke lid-maat wat betrokke was. Jou aandeel was baie kosbaar en dit het van ons 2023 mark 'n groot sukses gemaak. Ons totale omset was:

R1 358 192

'n Bedrag waarvoor ons die Here met oorgawe loof.

STATISTIEKE:

Vrydagaandetes 280

Weeksaandetes: Ma - Do 455

Saterdagontbyte: 98

Wegneemetes se statistieke:

Hamburgers 638; Boerworsrolle 340; Vetkoeke 1069; Beessosties 1251; Hoendersosaties 390; Kerrie-en-rys 1335; Snye gebak 670 en Koeldranke 1382

Ons sal die finale winsbedrag deurgee, sodra alle transaksies afgehandel is.

Harties NG Poortbode

Oorvloedige LOF

Prediker: Ds. Johan de Wet — Teks: 2 Kor. 8: 1 - 7

Datum: 12 November 2023 — Tema: Liefdeswerk vanuit oorvloedige blydskap

GEMEENTEPROGRAM

So	12/11	08:30	Voorbidding	Gebedskamer
		09:00	Erediens	Kerkgebou
		09:00	Voete – en Juniorkerk	Jeugsentrum
Di	14/11	18:00	L • I • F • T	Jeugsentrum
Wo	15/11	09:00	Senior– en vrouebybelstudie	Jeugsentrum
Vr	17/11	06:00	Mannebiduur	Kerkgebou

Lidmaatskap: Angie: 012 253 1991 x 100 — E-pos: kantoor@hartiesng.org

Poortbode: Marianne: 012 253 1991 x 108 — E-pos: komm@hartiesng.org

Kantoorure: Ma - Vr: 08:30 - 12:30 — Web: www.hartiesng.org

Heilsmuur

3. Geloof: hoe kan ek gered word? Rom. 10: 9 - 13

1. 'n Jongman, wat nie die dienste van Billy Sunday, 'n Amerikaanse Evangelis, kon bywoon nie, kom na die tyd by hom en vra: "Meneer, sê my asseblief wat ek moet doen om gered te word. Billy antwoord hom as volg: "Jongman, jy is te laat! Twee duisend jaar te laat… Alles wat gedoen kon word vir jou redding is alreeds 2,000 jaar gelede deur Jesus aan die kruis vir jou gedoen. Al wat jy nou kan doen is om op jou knieë gaan en Hom in jou lewe in te nooi!
2. Rom. 10: 9 - 13: "As jy met jou mond bely, dat Jesus die Here is en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word." Vs. 11: "Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie."
3. Dankie Here, dat ek by U voete kan kom kniel. Dankie, dat U my sondes op U geneem het, dat U my op my naam geroep het: "Jy is myne." Lei my deur die Gees, dat ek nie sal afdwaal nie. Amen.

GEBEDSVERSOEKE:

Watter troos, dat die Here ons elkeen by die naam ken en dat die Heilige Gees ons versugtinge aan God bekend maak. Ons dra mekaar op ons gebedshande en bid vir elke lidmaat se beskerming en God se oorvloedige genade en seën.

1. Ria Fourie: sy is steeds in die hospitaal en het met chemobehandeling begin.
2. Pieter en Louise Cornelius: hulle seuntjie, Pieter, is steeds aan masjiene gekoppel en in die intensiewe sorgeenheid. Hulle het nou baie duur oorsese medikasie gekry en ons bid saam met hulle dat dit hulle seuntjie se longe sal laat herstel.
3. Oom Ben Naudé: hy sterk tuis aan.
4. Leon en Hannetjie Troskie: ons dra hulle met hulle bepaalde omstandighede aan die Here op.
5. Tinus Cronje en Jan van den Heever: hulle sê albei baie dankie vir al die gebede en ondersteuning. Tinus het weer begin werk.
6. Ons dink in ons gebede steeds aan: Pierre en Suzanne Jansen; Stanley Blackaller se broer en Eurika le Roux se suster.

Wendy Barnardo 072 1596 777 / 012 259 0104

BELANGRIKE KENNISGEWING

Spesiale kerkraadsvergadering
Maandag
20 Nov 2023
19:00
Jeugsentrum

Baie welkom
Nuwe lidmaat

Hendrik Zeelie
Xanadu

Mag jou deelwees van ons geloofsgemeenskap vir jou tot groot seën en vreugde wees.

Nuwe lidmate is baie welkom om Angie by die kerkkantoor te skakel of om die nuwe intrekkersvorm op ons web by www.hartiesng.org in te vul

EFT

NG Kerk Hartbeespoort
ABSA
Reknr: 0640 580 364
Takkode: 334-146
Verwysing: Dankoffer

deovolente
Residensiële Sorgsentrum vir geestesgestremdes

GHOLFDAG
24 November 2023
Pecanwood Gholflandgoed

10:00 Registrasie 12:00 "Shotgun Start"
R4000 vir vierbal
Ingesluit: "green fees", 2 gholfkarre, middag– en aandete en prysuitdeling